Heidelbergse Kategismus


Sondag: 43

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie, Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê,




Spreuke 19:5: ’n Vals getuie bly nie ongestraf nie, en iemand wat leuens uitryg, sal nie vrykom nie.

Spreuke 19:9: ’n Vals getuie bly nie ongestraf nie, en wie leuens uitryg, gaan ten gronde.

Spreuke 21:28: ’n Leuenagtige getuie gaan ten gronde, maar iemand wat luister, mag altyd praat.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?


Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai,



Psalm 15:3: Hy laster nie, doen sy medemens nie kwaad aan nie en bespot nie sy naaste nie.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie,




Psalm 50:19–20: Jy gee jou mond vrye teuels vir boosheid, en jy span jou tong in vir bedrog. Jy sit en konkel teen jou broer, jou moeder se seun beswadder jy.

Romeine 1:29–32: Hulle is vol van elke vorm van onreg, boosheid, hebsug en kwaad: vol afguns, moorddadigheid, twisgierigheid, geslepenheid en kwaadwilligheid; hulle is skindertonge, kwaadstokers, haters van God, brutaal, hooghartig en grootdoenerig, vindingryk om slegte dinge te bedink, ongehoorsaam aan hulle ouers; onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos en sonder medelye – mense wat die voorskrif van God ken, naamlik dat die mense wat hierdie dinge doen, die dood verdien. Tog doen hulle dit nie net nie, maar praat hulle dit boonop goed wanneer ander dit doen.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie.




Matteus 7:1–2: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word

Lukas 6:37: En kyk, daar was 'n sondige vrou in die dorp wat gehoor het dat Hy by die Fariseër se huis gaan eet het. Sy het 'n albasterfles vol reukolie gevat

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?


Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel



Johannes 8:44: Julle kom van julle vader, die Duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader uitvoer. Hy was van die begin af 'n mensemoordenaar, en hy staan nie by die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar en die vader daarvan is

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie.




Spreuke 12:22: Afstootlik vir die HERE is vals lippe, maar hulle wat betroubaar optree, geniet sy goedkeuring.

Spreuke 13:5: In vals woorde het 'n regverdige 'n weersin, maar 'n goddelose gedra hom stink en tree skandelik op.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely.




1 Korintiërs 13:6: is nie bly oor onreg nie, maar is saam bly oor die waarheid.

Efesiërs 4:25: Daarom, vermy die leuen, en praat elkeen die waarheid met sy naaste, want ons is lede van een liggaam.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.



1 Petrus 4:8: Bo alles moet julle mekaar innig liefhê, omdat "die liefde 'n menigte sondes bedek"

SONDAG: 43 - VRAAG EN ANTWOORD: 112

Vraag: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê[1], niemand se woorde verdraai[2], nie ’n kwaadsteker of lasteraar wees nie[3], niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie[4], Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel[5] se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring[6] nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely[7]. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder[8].

1 Spreuke 19:5; Spreuke 19:9; Spreuke 21:28
2 Psalm 15:3
3 Psalm 50:19–20; Romeine 1:30
4 Matteus 7:1–2; Lukas 6:37
5 Johannes 8:44
6 Spreuke 12:22; Spreuke 13:5
7 1 Korintiërs 13:6; Efesiërs 4:25
8 1 Petrus 4:8

Kopiereg

© 2026